

Saterdag 13 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 68

Fokusgedeelte: Psalm 68:2, 19-21 (AFR20)

Die oorwinning is behaal in Jesus Christus wat op die troon gaan sit het; laat ons juig want ons het daarin deel

Psalm 68 is 'n psalm van oorwinning. Dit is een groot oorwinningslied van begin tot einde, soos min ander dele in die Bybel. Die begin van hierdie psalm kondig dit so eenvoudig aan, maar tog baie kragtig. Vers 2: *“God staan op, sy vyande spat uiteen.”* Vers 3 stel die Here se vyande gelyk aan rook wat weggewaai word, en gelyk aan was wat smelt voor vuur. Dis oorwinning! En daarin kan die regverdiges bly wees. Lees net weer die jubeltoon van verse 4-5. Daar is een groot verheuging, want die oorwinning is behaal.

Verse 8-19 beskryf die oorwinning van Israel. Dit is die geskiedenis vanaf die slawerny in Egipte, deur die wildernis (vs 8), die verbond en wet by Sinai (vs 9), tot in die beloofde land (vs 10). Dan volg die goeie tyding (vs 12-15). Die oorwinning is behaal, die volk ontvang die land en die goeie tyding gaan uit vanaf die Here self – vers 12. Die Here self bring die goeie tyding, die goeie boodskap, *die evangelie*. Die oorwinning is behaal en die Here gaan sit op sy troon daar op Sionsberg waar sy tempel gestaan het (vs 16-19). Let veral op vers 19: Die Here het opgevaar na die hoogte. Hy het ook gevangenes weggevoer – gevange geneem. Hy het ook skatplig gevorder by die mense. Ja, dit gebeur daar op Sionsberg waar die Here se tempel was, nadat die volk die land ontvang het. Tog haal Paulus hierdie vers in *Efesiërs 4:7-10* aan en wys dat hierdie heengewys het na Jesus Christus. Hy het opgevaar na die hoogte. *Jesus Christus se hemelvaart is 'n troonsbestyging*. Die Oorwinnaar het op sy troon gaan sit ná die oorwinning hier op aarde.

In hierdie oorwinning het ons nie net eenmalig deel gekry met ons wedergeboorte nie, maar steeds het ons deel daarin. “Dag na dag dra Hy ons” (vs 20). Vers 21 se woorde is eintlik meervoude – verlossinge en uitkomst. Dag na dag dra Hy ons. Die oorwinning is behaal. Ons kan nou reeds elke dag juig en bly wees in die oorwinning wat behaal is in Jesus Christus. In hierdie oorwinning het ons steeds deel elke dag.

Sing: Psalm 68-1:1. 8

Ds. R Boersema (Reinhard) (Vryburg)